higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1120**(A)**(J13)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5

(Eerste Vraestel)

(9090165)

13 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N5
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

1.1 Verduidelik die volgende terme:

1.1.1 Oraal

1.1.2 Ekspektorant

1.1.3 Sublinguaal

1.1.4 Intraveneus

1.1.5 Rektaal

(5 × 2) (10)

1.2 Gee die korrekte mediese term vir elk van die volgende:

1.2.1 Areas waar water onder die vel voorkom

1.2.2 Proefbuise waarvan die lug uitgesuig is

1.2.3 Die prosedure wat gebruik word om die verskillende tipes witbloedselle te tel

1.2.4 'n Middel wat pyn verlig

1.2.5 'n Middel wat bloeding help stop

(5 × 2) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Diuretika vermeerder die volume van urine.

1.3.2 Diadermiese salwe dring die vel goed binne.

1.3.3 'n Bukkale tablet moet nie gesuig word nie.

1.3.4 Intraveneus beteken in 'n gewrig.

1.3.5 *Sublinguaal* beteken onder die tong.

1.3.6 Atropien word toegedien om die longe droog te hou.

1.3.7 'n Bariummaal moet gesluk word om x-strale van die niere te neem.

1.3.8 'n X-straal van die uterus word 'n histerosalpingogram genoem.

1.3.9 'n Warm bad verhoog jou hartklop.

1.3.10 Normale asemhaling vir 'n vrou is 15–20 keer per minuut.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1 Verduidelik hoe serebrospinale vog verkry word. (6)

Watter siektes word normaalweg geassosieer met die volgende kleure van urine:

2.2 2.2.1 'n Melkerige kleur

2.2.2 Kleurlose urine

2.2.3 Swart urine

(3 × 2) (6)

2.3 Verduidelik die volgende terme:

2.3.1 Natuurlike immuniteit

2.3.2 Kunsmatige immuniteit

(2 × 4) (8)
[20]

VRAAG 3

3.1 Bespreek droë hitte as 'n vorm van sterilisasie. (10)

3.2 Bespreek die implikasie van die ESS-toets ('ESR test'). (4)

3.3 Verduidelik die volgende:

3.3.1 Gelaagde tablette ('layered tablets')

3.3.2 Emetika

3.3.3 Sublinguaal

(3 × 2) (6)
[20]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die term *koue gevalle* (‘cold cases’). (2)

4.2 Wat moet die teatersuster na ’n operasie doen voordat die wond geheg mag word? (2)

4.3 Vir watter soort pasiënte word spanningsteke (‘stress-stitches’) gebruik? (1)

4.4 Wat kan die gevolge van oorbestraling (‘over radiation’) wees? (3)

4.5 Hoe word x-strale van die niere, ureters en blaas geneem? (2)

4.6 Wat kan lei tot ’n vals verhoging van die temperatuur, pols en asemhaling? (4)

4.7 Bespreek kortliks hoe u 'n termometer (koorspen) na gebruik sal versorg. (6)
[20]

VRAAG 5

5.1 Watter faktore is van belang wanneer ’n nuwe praktyk geopen word? (8)

5.2 Watter inligting moet in die kontrak tussen die geneesheer en ’n assistent vervat word? (6)

5.3 Verduidelik die term *ingeligte toestemming* (‘informed consent’). (4)

5.4 Wat verstaan u onder die term *mediese etiek*? (2)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou